Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 66
Januarie 2017

<u>Jesaja 30:21</u> "Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: 'Hier is die pad, loop hierlangs.'"

Mag elkeen in 2017 die Here se stem elke dag duidelik hoor en daagliks met 'n hand knus en warm in die Here se hand stap.

Baie dankie aan Johannes se span versorgers wat vanjaar soos een man aangemeld het. Die tuisonderrigprogram verloop seepglad. Johannes doen gewone graad 10-werk. Geen eksaminering vind egter plaas nie. Inligting word net ingevoer. Party dae luister Johannes fyn en ander dae dans die gruwelduiweltjies in sy oë en kry 'n mens nie veel uitgerig nie. Suzaan Eybers, 'n graad 10-leerder van Hoërskool Strand, help Johannes vanaf die einde van verlede jaar met sy Kunslesse. Op 'n Vrydagmiddag, verf en teken hulle en dink nuwe kunsplanne uit. Marianne Minnie het ingestem om Johannes met sy Geografie te help en hulle twee vorder fluks. Anja, 'n vriendin van Laerskooldae, het ook kom inloer en Johannes se middag opgevrolik.

Ons was gedurende die Desember-vakansie saam met Willem se broer-hulle vir 'n paar dae op Yzerfontein. Willem en Johannes het selfs 'n bietjie in die "yz"koue water gestap. Op Onrus het ons uiteindelik na 6 jaar ons huisie se naam, Klein Bietjie Niks, geverf en opgesit. Daar kon ons heerlik stap en nuwe kosresepte saam met vriende beproef.

Tuis het ons 'n huldigings-konsert ter ere van Nico Carstens by die Oude Libertas Teater op Stellenbosch bygewoon. Johannes het dit baie geniet en die hele aand op sy stoel saam gedans.

Hein se matriekuitslae het ons almal verras en hy het vanjaar met sy studies op Stellenbosch begin. Hy is gekeur vir BSc Landbou (wyn-en wingerdkunde). Hy het die oriëntering en Vensters sover baie geniet en ry daagliks in en uit van die Strand af. Ons is dankbaar en saam met hom opgewonde.

Na die praatjie van ds. Chris Bester op RSG oor Johannes en die oudio-bybels wat hy geskenk het, het Lizelle de Bruin my gekontak om kortliks Johannes se seerkrystorie te vertel en ook hoekom hy en my suster, Lindie die geld sedert 2015 vir Bybelverspreiding insamel. Ek moes binne 8 minute die hele storie probeer vertel en was baie senuagtig (en natuurlik ook hartseer.) Hierdie uitsending word Sondagoggend, 5 Februarie tussen 07:15 en 08:00 op RSG uitgesaai. Baie dankie aan almal wat vir my vir kalmte gebid het.

Baie oulike sêgoed deur Johannes gedurende die vakansie:

- Kan 'n slak hom in sy skulp inwurm?
- As jy nie hande het nie, kan jy steeds sleg voel?
- Kan 'n mens verskeie goed saam doen as jy pas getroud is?
- Kan 'n boot breek as jy hom afskeep?
- Wat noem 'n mens twee eenhede krag?
- Het Eva ook 'n adamsappel gehad?
- As jy kwart oor iewers heen moet gaan, waar is die ander drie-kwart van jou oor dan?
- Wat noem 'n mens 'n heel lukwart?

(Miskien is iemand lus om antwoorde terug te stuur?)

Baie mense sê: **God only gives special children to special parents.**

Luister na hierdie wyse antwoord**: God gives special needs children to regular, everyday parents, who CHOOSE to step up and be strong for their child! That special child teaches you life lessons that you never could have anticipated, and throughout your journey together, you learn how to become the parent that your child needs!**

Moeder Teresa het gesê**: "If your EYES are positive, you will love the world. But if your tongue is positive, the world will love you."**

Mag julle 2017 voorspoedig en vol vreugde wees.

Johannes-liefde en -groete.

Anelé

Foto's Vorderingsverslag 66

Suzaan en Johannes doen kuns onder die prieël

Willem en Johannes baljaar in ons swembad

Loop in Yzerfontein se koue water

1 Januarie 2017 voor ons Onrushuis se blou deur

Anja kom kuier vir Johannes

Hein – op universiteit